GEDIG VOORDRAG KOMPETISIE.

2024

NUKLEUS KULTUUR

GRAAD 5 GEDIGTE:

DIE BOEKWURM-RESTAURANT

Welkom, liewe wurmklant,
by die Boekwurm-restaurant!
Kom smul aan ‘n verskeidenheid
kos vir elke boek-aptyt.
Kry ‘n spyskaart en kom in.
Hier’s Bibtannie, jou kelnerin.
Ons sjef se spesialiteit
is die woordeboek-ontbyt.
As jy ‘n ligte happie soek,
kom knibbel aan ‘n grappieboek. ‘
n Kookboek is ‘n trefferdis
indien jy rasend honger is.
Proe gerus en probeer raai
wat’s in ons speurverhaalslaai.
As jy van iets eksoties hou
probeer gerus ‘n atlas kou.
Verslind ‘n spookstorie as jy
die beste hoendervleis wil kry.
Honger vir ‘n feit of drie?
Kom eet ‘n ensiklopedie.
En nagereg is mos ‘n móét –
ons feëverhale is stroopsoet.
Beleef die bobaas-boekegeur,
jy kan heerlik kies en keur - sagteband of hardeband?
Die beste boeke in die land!
Ons boekdisse is watertand
by die Boekwurm-restaurant.

Jaco Jacobs

BESOEK
WWW.NUKLEUS.CO.ZA/KULTUUR-KOMPETISIES
OM IN TE SKRYF

ONS NUWE JUFFROU

Voor die bord staan ‘n baie groot vrou,
sy is sowaar besig om kougom te kou.
Haar skouers is breed soos ‘n rugbystut.
Haar rok is pers, haar skoene groot en wit.
“My naam is Juffrou Zonderkop.”
en toe steek sy ‘n dik sigaar op.
Sy gooi haar kop agteroor en lag wild,
doen ‘n karate kata dat haar kuite bult.
“Graad sewe is geen grap nie!” bulder sy.
“Ek is hier om julle in die hoërskool te kry!”
Toe doen sy die briekdans tot by die deur en sê:
“Kom nét laat en kyk wat gebeur!”
Die hele klas begin te proes en lag!
Toe sê sy iets wat niemand verwag:
“Ek gaan net gou geld op die perde wed,
as die skoolhoof kom, moet jy my bas red!”
Almal kyk haar baie verbaas agterna,
maar niemand waag dit om ‘n vraag te vra.
Wel, daar is iets wat ek doodseker weet:
Hierdie skooljaar sal ons nimmer vergeet!

Jonelle du Toit

AS NIEMAND KYK NIE ...

Meneer De Beer skil netjies 'n peer
en eet graag kabeljou.
Maar as niemand vir hom kyk nie,
sal hy sommer oopmond kou.

Mejuffrou Louw pronk soos 'n pou,
hou van haar lippies tuit.
Maar as niemand vir haar kyk nie,
steek sy haar tong lank uit.

Tannie Meraai is verskriklik kwaai en
het 'n stywe nek.
Maar as niemand vir haar kyk nie, trek
sy graag skewebek.

Ek klouter en klim en hou my slim,
ek raas en woed en vat Boetie se goed.
Maar as niemand vir my kyk nie ...
is ek rêrigwaar stroopsoet!

Helena Wasserman